Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 18 2 - 9 Junie 2023

LANDLOOP
Baie sterkte met die atlete wat Vrydag aan ‘n liga in Bloemfontein gaan deelneem.
As gevolg van die weer was die week se Jakkies landloopliga uitgestel na Maandag, 5 Junie.
Atlete moet asseblief 14:20 by die gholfbaan wees, sodat ons 14:30 kan begin. Daar sal ‘n bussie van die skool af ry om 14:15.

RUGBY– EN NETBALUITSLAE – McDonaldsdag
Rugby o/7 – wen Newton 25-10
- Wen Hartswater 15-10
- Verloor Douglas 20-15
- Wen Staats 35-5

Netbal o/7 – wen 2 wedstryde en verloor 1
o/8 – wen 2 wedstryde en verloor 1

VRYSTAAT NETBAL
Baie geluk aan Claire Combrink en Elri de Waal wat beide in die o/12 Vrystaat Lynx Netbalspan opgeneem is. Julle maak ons trots!

BOKKIEWEEK
Baie geluk aan Aidan Brooks en Luhan van der Linden wat in die Vrystaat o/13 Bokkieweekspan opgeneem is. Welgedaan manne!

GIMNASTIEK
Baie geluk aan die volgende leerders wat Saterdag, 27 Mei in Bloemfontein aan ‘n Artistiese Gimnastiekkompetisie (Helena Botha Gimnastiek Klub) deelgeneem het en plekke behaal het:
- Ryan Shepherd_Vlak2, 12-16 Jr_Silwer
- Frans van der Westhuizen_Vlak 1, 9-10 Jr_Silwer
- Hervich Venter_Vlak1, 9-10 Jr_Brons
- Frené Olwagen_Vlak 2, 11-12 Jr_Goud
- Anika Bester_Vlak 2, 11-12 Jr_Brons
- Adi van der Merwe_Vlak 2, 11-12 Jr_Brons
- Christibe de Witt_Vlak 1, 9-10 Jr_Brons
- Liahmé Williams_Vlak 1, 9-10 Jr_Brons
- Lea van Jaarsveld_Vlak 1, 7-8 Jr_Brons
- Amoryn Bloem_Vlak1, 7-8 Jr_Silwer
- Linicke Jacobs_Vlak 1, 7-8 Jr_Brons
- Christél Heckroodt_Vlak 1, 7-8 Jr_Silwer
- Zarah Faber_Vlak 1, 7-8 Jr_Brons
- Jumari du Toit_Vlak 1, 7-8 Jr_Brons

Baie geluk met die goeie prestasies!

Sterkte aan die gimnaste wat op Saterdag, 3 Junie, aan die Suid-Vrystaat kwalifiseringskompetisie gaan deelneem.

BUITEMUURS
Buitemuurs eindig Maandag, 5 Junie vir die kwartaal as gevolg van die eksamen.
Daar sal reëlings op die klasgroepe getref word met ekstra fiksheidsoefeninge gedurende die eksamen vir leerders wat sal wil oefen. Die landloop vind nogsteeds plaas op Maandag, 5 Junie.

BEGIN- EN UITKOMTYE GEDURENDE DIE EKSAMEN
Die skool begin vanaf Woensdag, 7 Junie, om 08:00 vir alle leerders en verdaag as volg:

- Graad 1-3: 12:00
- Graad 4-7: 13:00

REDENAARS JUNIOR & SENIOR
Leerders word herinner aan die redenaarskompetisie wat op Maandag, 5 Junie, om 14:30 sal plaasvind.
Junior (Gr 1-3): In juffrou Marlise se klas.
Senior (Gr 4-7): In juffrou Madeleine (MAM) se klas.
Baie sterkte met julle voorbereiding. Ouers is welkom en alle leerders moet onthou om met skoolklere te kom.

SOP EN BROODJIES VIR JEUGDAG
Die Gr.7's maak elke jaar vir ons eie leerders sop met Jeugdag. Ons wil graag hierdie jaar weer die leerders bederf. Indien u groente, vleis, soppoeier, pasta, ens wil stuur, sal ons dit baie waardeer. Hulle maak sop op Woensdag, 14 Junie. U kan die bestanddele stuur voor dit.

SKRYFBEHOEFTES
Ouers moet seker maak dat hulle kinders die nodige skryfbehoeftes het vir die eksamen. Niks gaan geleen word nie. Kyk ook asb. na u kind se boeke en teken dit.

BEDANKING
Dankie aan Jacobsdal Abattoir, in besonder Lennie, wie vir ons die mooi bankies gemaak het waarop leerders pouse kan sit.

…….....
T.E. MOSTERT
Waarnemende Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Al ons siek kinders en personeel
Ons leerders wat voorberei vir die eksamen

EKSAMENROOSTER

7 Junie - 23 Junie 2023

Dag:	Dat:	Gr 1:	Gr 2:	Gr 3:	Gr 4:	Gr 5:	Gr 6:	Gr 7:
Wo	7 Jun							***TEG***
Do	8 Jun						***AFR***	***ENG***
Vr	9 Jun	AFR	AFR	AFR	SW: Gesk	ENG	Wisk	***SW: Gesk***
Ma	12 Jun	AFR	AFR	AFR	WISK	WISK	***NWT***	***NW***
Di	13 Jun	WISK	WISK	WISK	NWT	AFR	SW: Gesk	LO
Wo	14 Jun	WISK	WISK	WISK	SW: Geo	NWT	LV	***EBW***
Do	15 Jun	ENG	ENG	ENG	AFR	SW: Geo	***ENG***	***AFR***
Vr	16 Jun	**JEUGDAG**						
Ma	19 Jun	ENG	ENG	ENG	LV	SW: Gesk	***WISK***	***WISK***
Di	20 Jun	LV	LV	LV	ENG	LV	SW: Geo	***SW: Geo***
Wo	21 Jun	LV	LV	LV	AFR: Opstel	AFR: Opstel	AFR: Opstel	SK
Do	22 Jun							
Vr	23 Jun							

Mercy & Grace

44a LUBBESTRAAT

U word hartlik uitgenooi na
Huis Mercy & Grace se

OPEDAG

JUNIE

MAANDAG **5** 2023

tussen
8:00 & 16:00

kom kyk wat ons alles aanbied

Navrae: Estelle 082 826 6914